**Deur President**
**Dieter F. Uchtdorf**
Tweede Raadgewer in die
Eerste Presidensie



# Soek na Christus Tydens Kersfees

Aan almal wat graag beter wil verstaan wie ons as lede van Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae werklik is, raai ek aan om die volgende vier woorde as beginpunt te gebruik: Ons Soek na Christus.

Ons strewe om aangaande Hom te leer. Om Hom te volg. Om meer soos Hy te word.

Ons soek elke dag regdeur die jaar na Hom. Maar veral tydens hierdie tyd van die jaar—Kersfees, wanneer ons die geboorte van ons geliefde Verlosser vier—is ons harte nog meer op Hom gerig.

As deel van ons voorbereiding om Kersfees te herdenk, laat ons oorweeg hoe diegene wat twee millennia gelede gelewe het voorberei het om die Verlosser te verwelkom.

### Die Herders

Ons weet nie veel van die herders nie, behalwe dat hulle "in die oop veld gebly en in die nag oor hulle skape wag gehou het."[1] Die herders was heel waarskynlik gewone mense, wat soos talle prysenswaardige siele elke dag werk om 'n bestaan te maak.

Hulle kan dalk mense voorstel wie, op een stadium, miskien nie na Christus gesoek het nie, maar wie se harte verander het nadat die hemele oop gegaan het en Christus aan hulle verkondig is.

Dit is hulle wat, nadat hulle die stemme van hemelse boodskappers gehoor het, onmiddellik na Betlehem gegaan het om te sien.[2]

### Die Wyse Manne

Die Wyse Manne was geleerdes wat die koms van die Messias, die Seun van God, bestudeer het. Deur hulle navorsing, het hulle die tekens geïdentifiseer wat sy geboorte aangedui het. Toe hulle hul geïdentifiseer het, het hulle hul huise verlaat en na Jerusalem gereis, en gevra, "Waar is die Koning van die Jode, wat gebore is?"[3]

Hulle kennis van Christus het nie slegs akademies gebly nie. Toe hulle die tekens van sy geboorte gesien het, het hulle gereageer. Hulle het uitgegaan om Christus te vind.

Die Wyse Manne kan diegene voorstel wat Christus deur kennis en akademiese studie soek. Hulle toewyding aan die waarheid het hulle uiteindelik gelei om die Christus te vind en Hom as Koning van Konings, en as die Saligmaker van die mensdom te aanbid.[4]

### Símeon en Anna

Símeon en Anna kan diegene voorstel wat Christus deur die Gees soek. Hierdie wonderlike siele was ten volle gelowig en het deur vas en gebed en deur toegewyde en

gehoorsame lewens te lei, gretiglik gewag vir die dag van die koms van die Seun van God.

Deur getrouheid, nederigheid, en geloof, het hulle geduldig uitgesien na die koms van die Messias.

Uiteindelik is hulle getrouheid beloon toe Maria en Josef die baba aan hulle getoon het wat eendag die sonde van die mensdom op Homself sou neem.[5]

**Gelowiges onder die Nefiete en Lamaniete**

Die roerende storie van hoe gelowiges in die Nuwe Wêreld uitgesien het na die tekens van die geboorte van die Saligmaker word in die Boek van Mormon gevind.

Julle sal onthou hoe diegene wat geloof in Christus gehad het bespot en vervolg was. Die gekunsteldes van daardie dae het die gelowiges daarvan beskuldig dat hulle aanhangers was van dwase bygelowe. Inderdaad, die ongelowiges was so luidrugtig in hulle bespotting dat hulle 'n "groot oproer gemaak" het in die land (3 Nefi 1:7). Hulle het diegene wat geglo het dat die Redder gebore sou word, bespot.

Hulle woede en toorn het so toegeneem dat hulle vir eens en altyd almal wou stilmaak wat in die Saligmaker geglo het. Die Boek van Mormon vermeld dié dramatiese besluit.[6]

Die gelowiges wat in hierdie tyd gelewe het kan diegene voorstel wat Christus soek ten spyte daarvan dat ander mense lag, hulle bespot, en uittart. Hulle soek na Christus ten spyte daarvan dat ander mense hulle wil karakteriseer as onverfynd, ongekunsteld, of liggelowig.

Maar die minagting van andere sal nie ware gelowiges daarvan afskrik om Christus te soek nie.

**Ons Soek na Christus**

Dwarsdeur die jaar, en miskien veral gedurende hierdie Kersgety, sal dit ons almal baat om weer eens die vraag te vra "Hoe soek ek na Christus?"

Gedurende 'n moeilike tydperk in sy lewe, het die groot Koning Dawid geskryf, "O God, U is my God, U soek ek; my siel dors na U, my vlees smag na U."[7]

Miskien was hierdie houding om na God te soek een van die redes hoekom Dawid beskryf was as 'n man na God se hart.[8]

Gedurende hierdie Kersgety en dwarsdeur die jaar, mag ons ons geliefde Saligmaker, die Prins van Vrede, die Heilige Een van Israel met ons hele hart en siel soek. Want hierdie begeerte, grotendeels, definieer nie net wie ons as lede van Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae werklik is nie, maar nog meer wie ons werklik is as dissipels van Christus.

**NOTAS**

1. Lukas 2:8.
2. Sien Lukas 2:15.
3. Sien Matthéüs 2:1–2.
4. Sien Matthéüs 2:11.
5. Sien Lukas 2:22–38.
6. Sien 3 Nefi 1.
7. Psalm 63:2.
8. Sien Handelinge 13:22.

---

**ONDERRIG UIT HIERDIE BOODSKAP**

Hoe kan ons beter na Christus soek, soos President Uchtdorf voorstel? Jy mag diegene wat jy leer aanspoor om hierdie vraag aan hulself te vra, "Hoe is ek besig om na Christus te soek?" Dink daaraan om hulle uit te nooi om te begin om te deel hoe hulle elkeen na Christus kan soek gedurende hulle daaglikse familieskriftuurstudie tyd. Jy kan ook die Mormon.org Kersfees-video kyk saam met diegene wat jy onderrig en hulle uitnooi om deel te neem aan hierdie jaarlikse geleentheid om na Christus te soek deur sy leringe na te volg.

## KINDERS

### Wagtend op Jesus

Baie mense het gewag en uitgesien na die dag van Jesus se geboorte. Nou wag ons en sien uit na Hom om weer te kom! Ons kan gereed wees deur van Jesus te leer en om Hom te volg. Hoe volg jy Jesus? Teken 'n ster en skryf jou idees daarin neer.

© 2017 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gedruk in VSA. Engelse goedkeuring: 6/17. Vertalingsgoedkeuring: 6/17. Vertaling van *First Presidency, December 2017*. Afrikaans. 97932 501

# Gewillig om Mekaar se Laste te Dra

**Geloof, Familie, Verligting**

*Bestudeer hierdie materiaal biddend en vra om inspirasie om te weet wat om te deel. Hoe sal 'n begrip van die doel van die Verligtingsvereniging dogters van God help om voor te berei vir die seëninge van die ewige lewe?*

"Ons is omring deur diegene wat ons aandag benodig, ons aanmoediging, ons ondersteuning, ons troos, ons goedheid," het President Thomas S. Monson gesê. "Ons is die Here se hande hier op aarde, met die opdrag om te dien en sy kinders op te hef. Hy is afhanklik van elkeen van ons."[1]

President Henry B. Eyring, Eerste Raadgewer in die Eerste Presidensie, het gesê: "'n Groot verandering het in jou hart plaasgevind toe jy besluit het om by die Kerk aan te sluit. Jy het 'n verbond gesluit, en jy het 'n belofte ontvang wat jou hele aard begin verander het. . . .

". . . Jy het belowe dat jy die Here sou help om [ander se] laste ligter te maak en hulle te vertroos. Jy is die mag gegee om te help om daardie laste ligter te maak toe jy die gawe van die Heilige Gees ontvang het."[2]

"Ons wil die lig van die evangelie gebruik om ander mense te sien soos wat die Saligmaker hulle sien—met barmhartigheid, hoop, en naasteliefde," het Jean B. Bingham, die Algemene President van die Verligtingsvereniging gesê. "Die dag sal kom wanneer ons 'n volledige insig sal hê in die harte van andere en sal dankbaar wees wanneer genade aan ons betoon word—net soos wat ons mensliewende gedagtes en woorde aan andere toon. . . .

"Ons verpligting en voorreg is om verbetering in *elkeen* aan te gryp terwyl ons strewe om meer soos ons Saligmaker te word."[3]

Terwyl ons mekaar se laste dra en ons verbonde onderhou, maak ons die weg oop vir Christus om andere te genees. Ouderling Jeffrey R. Holland van die Kworum van die Twaalf Apostels het geleer dat: "Wanneer ons die onbegryplike prys van die Kruisiging en die Versoening in ag neem, belowe ek jou dat Hy nie nou sy rug op ons sal draai nie. Wanneer Hy aan die armes in gees sê, 'Kom na My toe,' bedoel Hy dat Hy die pad uit en die pad op ken. Hy ken dit want Hy het dit al self geloop. Hy ken die pad want Hy *is* die weg."[4]

### *Addisionele Skrifgedeeltes*

Matthéüs 25:40; Galasiërs 6:2; Mosia 2:17; 18:8–9

**NOTAS**

1. Thomas S. Monson, "Serve the Lord with Love," *Liahona,* Feb. 2014, 4.
2. Henry B. Eyring, "The Comforter," *Liahona,* Mei 2015, 18.
3. Jean B. Bingham, "I Will Bring the Light of the Gospel into My Home," *Liahona,* Nov. 2016, 6, 8.
4. Jeffrey R. Holland, "Broken Things to Mend," *Liahona,* Mei 2006, 71.

### *Ter Oorweging*

Hoe maak ons die weg oop vir Christus om ander gesond te maak deur mekaar se laste te dra en ons verbonde te onderhou?

© 2017 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gedruk in VSA. Engelse goedkeuring: 6/17. Vertalingsgoedkeuring: 6/17. Vertaling van *Visiting Teaching Message, December 2017.* Afrikaans. 97932 501